



SA se handelsoorskot verberg 'n onwelkome waarheid

Redes vir die oorskot toon dat die ekonomie in 'n benarde posisie bly en baie kwesbaar vir die kommoditeitsiklus is.

In Junie het die land 'n handelsoorskot van R57,7 miljard aangeteken, groter as die verwagte R54 miljard. Trouens, ons teken nou 14 agtereenvolgende maande lank handelsoorskotte aan, en 'n oorskot in 21 van die afgelope 24 maande. Vanjaar was daar reeds handelsoorskotte van R54 miljard in Mei, R51 miljard in April en R52 miljard in Maart. Die kumulatiewe handelsoorskot vir die jaar tot dusver is R255 miljard.

Hierdie buitengewone syfers berus op twee wesenlike faktore. Eerstens het uitvoer met meer as 50% gestyg. Daar is basisredes hiervoor, gegewe die afname in die wêreldhandel verlede jaar toe Covid-19 toegeslaan het. Wêreldwye vervaardiging en handel – met ander woorde die volume van goedere wat verhandel word – is tans op ongeëwenaarde hoogtepunte. Dit het China se herstel gelei, en het 'n uitwerking op die vraag na hulpbronne gehad. Dit het op sy beurt na lewendige industriële kommoditeitspryse gelei en 'n groeiende vraag namate wêreldwye verskaffingskettings weer op die been kom, voorraad aangevul word en infrastruktuurherstelprogramme begin.

SA se handelsoorskot in edelmetale vir die jaar tot dusver is R240 miljard. Die impak wat hulpbronne het, is duidelik as 'n mens in ag neem dat die kumulatiewe handelsoorskot vir dieselfde tydperk R255 miljard beloop.

Interessant genoeg sien SA die voordeel van lewendige kommoditeitspryse in teenstelling met volumestygings. Die land se vermoëbeperkings aan die aanbodkant, insluitende beperkings op ons spoorweë en hawens, het waarskynlik die omvang van die uitvoer belemmer. Dit beteken dat die meevaller danksy goedere aansienlik hoër kon gewees het as dié beperkings nie bestaan het nie.

Die tweede faktor wat tot ons buitengewone handelsoorskotsyfers bydra, is die teleurstellende toestand van SA se invoeraktiwiteit. Een van die redes hiervoor is die historiese gebrek aan veredelingsontwikkeling, wat beteken dat ons produkte uitvoer in

dieselfde vorm as wat dit gemyn word. As die land die vermoë ontwikkel het om goedere in iets hoër in die waardeketting te omskep, sou ons meer produkte ingevoer het om die veredelingsproses te ondersteun. Dit sou beteken dat die groot oorskot van 'n hoër invoerbasis sou gewees het.

Ondanks die lae basis verlede jaar weens die pandemie, was daar tot dusver vanjaar slegs 'n 20%-toename in invoere. Dit beteken dat invoer heelwat agter die verbeteringe in uitvoere is en steeds laer is as die pre-pandemievlakke. Dit dui op 'n swak plaaslike ekonomie en wek kommer, maar is miskien nie verbasend nie synde die lae vlakke van ekonomiese groei en vertroue wat ons al baie jare lank ervaar.

Baie ondernemings het hul voorraad verminder om koste te bestuur – 'n neiging wat eers in 2019 duidelik geword het en wat deur die inperkings vererger is – en het nie die vertroue of die vermoë gehad om dit aan te vul nie. Diegene wat verliese gely het weens plundering sal moontlik nou moet vervang wat afgeskryf is.

Die feit dat SA ondernemings nie invoer nie, dui op 'n gebrek aan vertroue. Die ekonomie sou op baie hoër vlakke in homself belê as dit gegroei het.

Dit hou twee risiko's in: Eerstens, as die gebrek aan invoer voortduur, sal die ekonomiese groei waarskynlik ná die eerste Covid-19-herstel wat ons vroeër vanjaar gesien het afneem, en, tweedens, as vertroue terugkom en invoer toeneem, sal dit aansienlike druk op die geldeenheid plaas namate die handelsoorskot daal.

Kommoditeitspryse het belastinginvorderings aangedryf, wat op kort termyn voordelig was, aangesien dit die regering in staat gestel het om effekteuitreiking te verminder en korttermynverligting te bied vir die skulduitdagings wat die land in die gesig staar. Kommerwekkend is egter dat dit blyk dat die grootste deel van die bykomende inkomste, wat na raming in

die omgewing van R60 miljard is, bestee sal word aan verskeie items waarvoor nie begroot is nie, insluitende lone in die openbare sektor (R18 miljard); maatskaplike toelaes (R27 miljard); en onrusverwante uitgawes soos Sasria en besigheidshulpmaatreëls.

Die gevaar is dat hierdie onverwagse uitgawes herhalende uitgawes sal word, veral dié rakende die beëindiging van die maatskaplike toelaes en die verwagtinge van staatsdienswerkers. Vroeë aanduidings is dat daar 'n permanente verskuiwing na 'n meer welsynsgedrewe staat is. Dit beteken dat die begroting

onder aansienlike druk sal kom as die kommoditeitsiklus nie voortgaan om inkomste-invorderings op dié vlak te steun nie. 'n Ander bron van kommer is dat die belastingmeevaller nie bestee word aan inisiatiewe om ekonomiese vermoë te genereer nie.

'n Ander ontstellende neiging vind blykbaar in die private sektor plaas. Alle aanduidings is dat mynmaatskappye byvoorbeeld winste in dividende versprei eerder as om dit te fokus op die verhoging van vermoë aan die aanbodkant.

Die handelsoorskot het die rand beslis beskerm en het gehelp om inflasie te beperk. Die Reserwebank kon lae rentekoerse handhaaf. Desondanks dié beskerming is die rand onlangs onder druk geplaas nadat dit met ongeveer 8% verswak het van R13,50 teenoor die Amerikaanse dollar ongeveer 'n maand gelede tot sy huidige vlak. Hoe dit sou vaar sonder dié ongekende oorskot weet nugter.

As hierdie oorskotte matiger word, hetsy omdat die kommoditeitsiklus afkoel of as invoer styg, sal die rand onder druk kom. Hoewel die handelsoorskotte 'n welkome voordeel tydens 'n moeilike tyd vir die ekonomie was, is die werklikheid dat die ekonomie nog kwesbaar vir die kommoditeitsiklus is. Die belangrikste kwessie is of SA 'n deel van die huidige positiewe momentum in sterk ekonomiese groei kan omskep. ■

terugvoer@finweek.co.za

Andrew Duvenage is die uitvoerende hoof van NFB Private Wealth Management.



Ondanks die lae basis verlede jaar weens die pandemie, was daar tot dusver vanjaar slegs 'n 20%-toename in invoere.